

## Só werk gemeentelike 'groen-bediening'

*Fay van Eeden is die leraar vir Nuwe Generasie, Lynnwood se jeugbediening. Sy is baie lief vir die natuur en fotografie. Sy is getroud met Peet en hulle kyk graag saam voëltjies.*

George Washington Carver het gesê: "Reading about nature is fine, but if a person walks in the woods and listens carefully, he can learn more than what is in books, for they speak with the voice of God."

Psalm 19 sê dat die Here homself op twee wyses aan ons openbaar: deur die algemene openbaring (die skepping) en die spesifieke openbaring (die Bybel).

Iemand praat van "die groot Boek" (die skepping) en "die klein Boek" (die Bybel). "He is wisest who reads both the world-book and the Word-book as two volumes of the same work, and feels concerning them, 'My Father wrote them both'" (Charles Spurgeon).

Ons het albei die openbarings nodig om die Here te ken. Daarom het ons as gelowiges en kerk 'n verantwoordelikheid en 'n roeping om die skepping te versorg en te bewaar.

Wat kan gelowiges en die kerk doen? Hoe lyk 'n ekologie-bediening by 'n gemeente? Hoe werk 'n gemeentelike groen-bediening?

Ons visie (Nooitgedacht in Bronkhorstspuit) vir 'n ekologie-bediening was van die begin af drieledig. Die bediening moet:

bewondering wek;

bewuswording kweek; en

'n nuwe manier van dink en leef vestig.

### Bewondering wek

Abraham Heschel het gesê: "A sense of awe is the beginning of wisdom."

Om iets te wil bewaar, moet daar eers bewondering wees. 'n Ekologie-bediening moet mense weer aan die wonder en uniekheid van die skepping voorstel, die Groot Boek as 't ware weer vir hulle oopmaak. Mense moet agter die glasgordyne van hulle huise en motors uitbeweeg en die skepping sien, hoor, ruik en proe. Eers as ons as kerk weer op die skepping "verlief" geraak het, sal die bewaring daarvan vir ons belangrik word.

### Bewuswording

Een van die grootste take van 'n ekologie-bediening is om die kerk herhaaldelik aan ons verbruikersmentaliteit te herinner en wat dit aan die aarde en die skepping doen. Ons droom in die ekologie-bediening is om die kerk sensitief te maak vir ons impak op die skepping, en hoe elkeen met 'n paar eenvoudige veranderings God se algemene openbaring kan versorg.

### Vestiging van 'n nuwe manier van dink en lewe

'n Ekologie-bediening kan nie net bewondering wek en bewusmaking kweek nie – dit moet ons ook uitdaag om iets te doen. Om anders te begin dink. Om anders te begin leef. Om krities te kyk na hoe ek met hulpbronne omgaan en hoe groot my CO<sub>2</sub>-voetspoor is. Daar is baie gemeentes wat wonderlike ekologie-bedienings het met projekte wat 'n verskil maak. Hierdie is somer 'n paar idees uit twee van hierdie gemeentes.

### 'n Skepping-vriendelike kerkterrein

Dit was vir die ekologie-bediening van die begin af belangrik dat die gemeente vóór loop met ekologiese sensitiwiteit. 'n Paar eenvoudige veranderings het reeds 'n groot verskil begin maak. Die kerkkantoor het papier begin hersirkuleer, gloeilampe mettertyd met energie-besparende lampe vervang, indringerplante uit die tuin verwyder, sonverhittingstelsels op 'n laer temperatuur gestel of afgeskakel, en onnodige ligte en apparate wat krag mors afgeskakel en uitgeprop.

### Groen Saterdag

Die ekologie-bediening hou een maal 'n maand 'n Groen Saterdag. Verskeie onderwerpe word hanteer. Een Groen Saterdag het ons die kans gehad om saam met 'n deskundige in die veld te stap en ons endemiese plante te leer ken.

'n Ander Groen Saterdag het ons aan vlermuise gewy. By dié geleentheid het 'n kenner met ons oor die nut van vlermuise kom gesels. Almal het die geleentheid gekry om 'n vlermuishotel te bou.

### ***Spesiale geleenthede***

Die ekologie-bediening bied 'n paar maal per jaar spesiale geleenthede aan. Tydens 'n spesiale erediens het ons gefokus op ons roeping en rentmeesterskap teenoor die skepping. Tydens hierdie geleenthede word baie moeite by die kinderkerk en kategesedoen. Die kinders onderneem uitstappies na wildplase. Kategeseklasse hou skoonmaakaksies waarin die omgewing se vullis opgetel word.

### ***Bladgroen***

Die ekologie-bediening publiseer maandeliks 'n groen-nuusbrief met interessante feite en wenke vir 'n groener lewe. Hierdie is 'n wonderlike geleentheid om méér lidmate by die bediening betrokke te kry.

### ***Hersirkuleringsprojek***

Ons het gemeentelêde uitgedaag om hulle glas, plastiek, blikke, koerante en tydskrifte Sondag kerk toe te bring. 'n Maatskappy kom haal een maal 'n week die goed. Met dié projek het mense bewus geword van hoeveel afval wel hersirkuleer kan word. Ons het selfs 'n klein inkomste uit die projek gegeneer. In die eerste jaar het ons 11 ton huishoudelike vullis hersirkuleer.

### ***Eko-modeparade***

Tydens die sinodebiddag vir ekologie het ons selgroepe genooi om deel te neem aan 'n eko-modeparade. Elke selgroep moes vir hulle model 'n hele uitrusting uit hersirkuleerbare materiale ontwerp. Skielik moes 'n klomp mense dink oor wat presies hersirkuleerbaar is en wat nie. Ons het dié projek met ons senior kategeseklasse herhaal, en dit was 'n treffer. Nie alleen was dit 'n projek waaruit almal baie geleer het nie, maar dit was boonop groot pret.

### ***Bome plant***

Die plant van inheemse bome op die kerkterrein en in die breër gemeenskap is iets prakties wat kategeseklasse, gesinne en individue kan doen om 'n verskil te maak. Daarom plant ons by Lynnwood-gemeente gereeld bome in ons eie omgewing en ook op verskeie ander plekke.

'n Ekologie-bediening is opwindend en kreatief. Dit maak werklik 'n verskil in 'n gemeente en in die koninkryk. Dit maak mense se oë oop vir God se openbaring in die natuur. Dit daag hulle uit om anders te begin dink oor hulle verhouding teenoor die skepping.

